**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 647/2005

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**JONATHAN LUDOLF MILLS**

---

**CORAM:** H.M. MUSI R et VAN DER MERWE R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 1 SEPTEMBER 2005

---

[1] Die beskuldigde is op grond van sy pleit van skuldig tereg daaraan skuldig bevind dat hy op 'n openbare pad in die bestuurder sitplek van 'n motorvoertuig waarvan die enjin geloop het, gesit het terwyl hy onder die invloed van sterk drank was. Hy is vervolgens gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf. Die beskuldigde het nie 'n bestuuderslisensie nie en daar is gelas dat hy onbevoeg

verklaar word om ‘n bestuurderslisensie of leerlinglisensie te bekom vir ‘n tydperk van 3 jaar.

[2] Dit blyk dat die beskuldigde op die betrokke dag bier en brandewyn deurmekaar gedrink het. Daarna het hy met ‘n motorvoertuig gery na die Ezenzeleni woonbuurt, Warden met die doel om ‘n werker daar te gaan oplaai. Toe die beskuldigde met sy voertuig by ‘n stopstraat gestaan het, het hy ‘n ander voertuig voorgekeer ten einde aanwysings te vra. Die bestuurder van hierdie voertuig was ‘n verkeersbeampte en dit het daartoe gelei dat die beskuldigde gearresteer is. Die beskuldigde het erken dat sy bestuursvermoë aldus deur die gebruik van alkohol aangetas is dat hy nie die voertuig met die nodige behendigheid en vaardigheid kon bestuur nie. Dit blyk ook uit ‘n verslag van ‘n geneeskundige ondersoek wat met die instemming van die beskuldigde ingehandig is dat die beskuldigde ongeveer 2 uur na sy arrestasie nog matig onder die invloed van alkohol was.

[3] Die beskuldigde is 27 jaar oud. Hy is getroud en hy en sy eggenote het twee klein kindertjies. Hy het 'n bietjie meer as 'n maand voor vonnisoplegging 'n werk te Pretoria bekom as 'n motorwerktuigkundige. Voor dit het hy te Warden gewerk vir ongeveer 'n maand en 'n half en voor dit te Pretoria vir ongeveer drie maande. Voorheen was hy 'n konstruksiewerker. Sy eggenote werk en verdien ongeveer R1 100,00 per maand. Die beskuldigde het 'n vorige veroordeling vir 'n soortgelyke misdryf. Gedurende 1999 is hy daarvoor gevonnis tot 'n boete van R4 000,00 of 6 maande gevangenisstraf wat opgeskort is vir 5 jaar sowel as 12 maande korrektiewe toesig. By vonnisoplegging het die beskuldigde gesê dat hy op daardie stadium wel 'n drankprobleem gehad het. Hy het egter bygevoeg dat hy maande lank sonder drank kan bly en dat hy nie drink by die werk nie. Hy het reeds berading by 'n kerk ontvang vir die probleem wat vir 'n tydperk gehelp het. Hy het gedurende die tydperk van korrektiewe toesig lesings bygewoon by die AA oor drankmisbruik.

[4] Uit die voorgaande blyk dat die beskuldigde ‘n onstabiele werksrekord het. Dit blyk ook dat hy nie ‘n onbeheerbare drankprobleem het nie. In die lig van al die omstandighede van hierdie saak kan ek nie fout vind met die verhoorlanddros se gevolgtrekking dat direkte gevangenisstraf ‘n gepaste straf is nie. Die opgelegde termyn van 2 jaar gevangenisstraf is egter na my oordeel buitensporig swaar en nie ooreenkomstig die reg nie. Dit word ook geïllustreer deur van die beslissings waarna die verhoorlanddros in sy volledige redes vir vonnis verwys het. In **S v FRASER** 1987 (2) SA 859 (A) is ‘n vonnis van 1 jaar gevangenisstraf bekragtig ten opsigte van ‘n derde oortreding van bestuur onder die invloed van sterk drank wat plaasgevind het in omstandighede wat baie soortgelyk is dan in die onderhawige geval. In **S v HUMAN** 1990 (1) SASV 85 (NK) is op appèl ‘n vonnis van 2 jaar gevangenisstraf bekragtig ten opsigte van bestuur onder die invloed van sterk drank waar die appellant 4 soortgelyke vorige veroordelings gehad het. Ook was die appellant in daardie saak ten tye van die betrokke voorval sodanig onder die

invloed van drank dat hy heen en weer oor die pad gery het. Ook was appellant in daardie saak ten tye van die en teen ‘n telefoonpaal op ‘n sypaadjie gebots het. In **S v SITHOLE** 2003 (1) SASV 326 (A) is ten opsigte van die appellant in daardie saak se derde en vierde soortgelyke oortredings saamgeneem vir vonnis, ‘n vonnis van 4 jaar gevangenisstraf opgelê ingevolge die bepalings van Artikel 276 (1)(i). Na my oordeel is ‘n vonnis van 8 maande gevangenisstraf gepas in al die omstandighede van hierdie saak.

[5] Gevolglik word die opgelegde vonnis ter syde gestel en vervang met ‘n vonnis van 8 maande gevangenisstraf wat geag moet word opgelê te gewees het op 17 Mei 2005. Origens word die verrigtinge bekragtig.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**H.M. MUSI, R**

/em